

Richard Mason: *History of a Pleasure Seeker*

*Die Burger en Beeld*, September 2011

Richard Mason was op sy dag ‘n wonderkind wat op 19-jarige ouderdom sy eerste roman, *The Drowning People*, geskryf het (deels terwyl hy op skool op Eton was), met ‘n enorme voorskot (£100 000 vir twee boeke). Die boek het 5 miljoen kopieë in 22 tale verkoop, en Mason het sy studies aan Oxford vir ‘n jaar onderbreek om dit te bemark. Sy tweede roman, *us*, het hom meer as vyf jaar geneem om te skryf, en was nie ‘n sukses nie; ook nie sy derde roman, *The Lighted Rooms* nie.

*History of a Pleasure Seeker* is dus ‘n vasberade poging om terug te keer na die melk en heuning van sy jeug. Mason is tans op ‘n promosie-reis in Suid-Afrika (hy is hier gebore, maar is op 10-jarige ouderdom vort Engeland toe) en het in Kaapstad aan ‘n stampvolle Book Lounge verduidelik hoe verknog hy is aan Suid Afrika, en hoe hy ‘n jaar lank gehuil het na die sukses van sy eerste roman.

Nou toe nou. Maar wat van hierdie roman? Hier is ‘n eenvoudige toets: as jy dink die boek se omslag, met sy vergilde krulletjies en geweltjies en sy badkamer-blou rugkant, is pragtig, gaan jy die boek verslind. As jy daarenteen dit alles ‘n bietjie dik vir ‘n daalder vind, is dit nie die boek vir jou nie. Want *History of a Pleasure Seeker* kan op sy baadjie getakseer word: net so leeg-vertonerig, so kartonnerig, soos die omslag is die inhoud.

Die verhaal, wat afspeel in 1909, handel oor ‘n jong man wat van Leiden kom na Amsterdam met niks behalwe die klere op sy rug en, wel, die gereedskap in sy broek nie. Die eerste sin van die boek lui: “The adventures of adolescence had taught Piet Barol that he was attractive to most women and to many men.” Die res van die roman is ‘n grafiese uitbreiding op hierdie sin. Piet is hier as leermeester vir Egbert, die 10-jarige seun van die rykste man in Amsterdam, die vrome Maarten Vermeulen-Sickerts en sy effe minder vroom vrou, die ses-en-veertigjarige Jacobina. Daar is ook twee dogters in die huis, die flerrie Constance en die besadigde Louisa. Daar is verskeie bediendes, onder andere die stuurse hoofbediende, Meneer Blok, en die aanvallige diensknaap, Didier Loubat. Meneer Blok is verlief op Didier en Didier is verlief op Piet.

Daar is dus volop ruimte vir Piet om hier sy gawes te beoefen. Hy kry dit wel reg om Egbert te genees van sy agorafobie, en Jacobina van haar melankolie (die kuur genadiglik nie dieselfde in die twee gevalle nie). Andersins is hy verbasend kuis, en hou Constance, Louisa, Meneer Blok en Didier almal op 'n veiliger afstand as wat hulle sou verkies. En Mason hou sy leser aan 'n lyntjie: wanneer gaan al daardie beloofde sop spat? Ons hou ons asem op, heelpad tot in Kaapstad, waar die sop uiteindelik met oorgawe spat, in die Mount Nelson nogal.

Dis alles groot sports, 'n kostuumdrama met musiek, eerder as groot letterkunde. As 'n mens vir 'n oomblik die boek sou wou ernstig opneem, sou jy jou kop kon skud oor die pretensieuse taalgebruik, die verwarring van gewone Engelse woorde (*grandiloquence* vir *grandeur*, *dissect* vir *bisect*, *defecations* vir *faeces*, *sanction* vir *chastise* e.s.m.), die gebrekkige teksversorging, en die naïwiteit van die hele opset. Dan is daar die oppervlakkige en soms teenstrydige karakterisering: Mason kan nie besluit of Piet 'n gewetenlose opportunist of maar net 'n gesonde jong man met 'n kieweling in sy broek is nie; die gevolg is dat die leser nie omgee nie, in der waarheid gewoon nie aan Piet glo nie. Hy is eintlik maar net 'n stok waaraan die verhaal opgehang word.

Wees gewaarsku: op die heel laaste bladsy, net soos jy dink dat Piet, na “three days of rapturous love-making”, sy apparaat “red and swollen, thoroughly chafed by its addictive exertions”, nou gaan kalmeer en nes skop, word jy uit die bloute begroet met die woorde TO BE CONTINUED. Praat van coitus interruptus.